

Woensdag 4 September

Skrifgedeelte: Romeine 2:1-11

Fokusgedeelte: Romeine 2:4

God se goedheid en geduld is genade om goeie werke te wil doen

Soms wil dit vir ons voorkom of die Jode in die Ou Testament “spesiale behandeling” van God ontvang het. Tog het daar, met hierdie uitsonderlike seëninge, ook ’n groter verantwoordelikheid op hulle gerus om God te gehoorsaam en Hom alleen te eer en prys. In sy goedheid het Hy die Israeliete oorfloedig geseën – fisies sowel as geestelik: die land van melk en heuning, oorwinnings in gevegte met die vyand, die tien gebooue, die tempel, priesters en profete. Met die Jode se sondes en voortdurende opstand teen Hom het God hulle met groot geduld verduur. Hy het selfs sy Seun as Redder gestuur. Ook nadat hulle Christus gekruisig het, het God vir ongeveer 40 jaar sy oordeel oor die Jode teruggehou. Die mens word deur God se goedheid, deur sy Heilige Gees, deur sy genade alleen tot bekering gelei – tog was daar geen berou en bekering by Israel nie.

Deur Paulus wys God vir ons hoe belangrik dit is om beginselvas en volgens die waarheid in gehoorsaamheid te lewe. Dat jou karakter en jou optrede jou lewe bepaal. Ons weet dat Dawid afskuwelike sondes gepleeg het. Dit was egter kenmerkend in sy lewe dat hy aan God gehoorsaam was – ’n man na Gods hart. Al het Judas, die verraaier, sy sonde bely en die bloedgeld vir ’n begraafplaas vir vreemdelinge geskenk (Matt. 27), is sy lewe deur ongehoorsaamheid en ongeloof gekenmerk.

Ware reddende geloof lei tot gehoorsaamheid en goddelike lewe – selfs al gebeur dit dat ons van tyd tot tyd val en gruwelik sondig. Juis omdat ons die genade ontvang het om te glo, kan en moet ons goeie dade doen. Juis daarom moet ons gehoorsaam wees aan ons hemelse Vader.

Soek God se goedheid, sien die seëning in jou lewe raak en jy sal in sy goedheid, geduld en genadige redding van Hom alleen ontvang. Dáárom, loof en prys Hom met jou goeie werke ...

Sing: Psalm 31-1:15, 17

Ds. JJ de Bruyn (Johannes) (George)